# STOEP-STORIES

NOVEMBER 2025

## AFRIKAANS IS 100!



JUF. NADIA KNOESEN

HTS John Vorster vier 100 jaar van Afrikaans met nuwe woord in die WAT: JV-trots!

HTS John Vorster vier nie net sy eie geskiedenis nie, maar ook die ryke nalatenskap van Afrikaans in sy 100ste bestaansjaar. As deel van hierdie besondere mylpaal het ons Departement: Afrikaans Huistaal, ’n merkwaardige en unieke bydrae gemaak: die skool besit nou ’n woord in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) – die trotse, amptelike inskrywing van JV-trots.

Hierdie prestasie beteken dat die woord vir altyd deel van die Afrikaanse taalgeskiedenis sal wees en dat dit onlosmaaklik verbind is aan ons geliefde skool. Ons leuse is eenvoudig: Ons is trotse JV’s en ons is lief vir ons skool!

Die aankoop van die woord is veel meer as ’n simboliese gebaar – dit is ’n viering van gemeenskapsgees, tradisie en die unieke identiteit wat elke JV-leerder, ouer, onderwyser en ondersteuner koester. Met JV-trots gee ons ons taal en geskiedenis nuwe lewe, terwyl ons waardes en ons liefde vir ons skool beklemtoon word.

’n Groot dankie aan die Departement: Afrikaans en in die besonder mev. Christine Marais, vir julle inisiatief. Julle het nie net taal gevier nie, maar ook trots in ons harte gekweek. JV-trots is nou nie net ’n gevoel nie, maar ’n woord wat ons vir ewig ons eie kan noem.
JV-TROTS – ons s’n, vir altyd!

## JV-TROTS!






## GR. 12-PRYSUITDELING WEER `N SPOGGELEENTHEID.



Juf. Nadia Knoesen

Op 17 Oktober het HTS John Vorster se jaarlikse Graad 12-prysuitdeling plaasgevind – ’n besondere geleentheid waar die harde werk en toewyding van ons matrieks gevier is. Die saal was gevul met trotse ouers, trotse onderwysers en opgewonde leerders wat hul laaste skooljaar met glans afgesluit het.

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat die Dux-leerder van 2025, Minieke Swart is. Sy het met uitsonderlike akademiese prestasies en deursettingsvermoë uitgestaan, en dien as ’n inspirasie vir al haar medeleerders.

Baie geluk aan elke Graad 12-leerder wat met ’n toekenning vereer is. Julle harde werk en toewyding het vrugte afgewerp, en ons wens julle alles van die beste toe vir die toekoms. HTS John Vorster is trots op sy klas van 2025!








# AKADEMIE

ILANA VISSER



**TOP 10
KWARTAAL 3**












# SPORT

## KAILENE WESSELS



## TENNIS

**Uitstekende jaar vir ons spanne.**

Die tennis het hierdie jaar uitmuntend gevaar en ons spelers het uitstekende prestasies behaal.



Ons o/19A-span én o/15A-span het albei as liga-kampioene geëindig. ’n Groot prestasie en ’n bewys van die harde werk en toewyding van beide spanne. Ons o/19B-span het ook sterk deelgeneem en ’n vyfde plek behaal, terwyl die o/15B-span die tweede plek in hulle liga ingeneem het.

By ons interne kompetisie - die gewilde JV Champs - het Theuns Botha weer eens sy stempel afgedruk deur vir die 4de keer agtereenvolgens as kampioen gekroon te word. Gideon Scheepers het die tweede plek ingeneem – ’n besonder indrukwekkende prestasie, aangesien hy nog in die o/15-groep is.

By die personeel was dit mnr. Jannie Rossouw wat as wenner weggestap het.

Hierdie jaar se tennisuitslae is beslis iets om op trots te wees en ons sien met groot verwagting uit na wat volgende jaar gaan bring.

## TAFELTENNIS

**TAFELTENNIS BY HTS JOHN VORSTER: ’N SEISOEN VAN TRIOMF EN VORDERING**

Die tafeltennisspelers van HTS John Vorster het weer eens bewys dat harde werk, deursettingsvermoë en spanpoging groot vrugte afwerp.

Ons A-span het die jaar afgesluit as wenners van die B-liga en verdien dus die reg om in 2026 in die A-liga mee te ding – ’n groot prestasie wat elke speler met trots kan dra. Die B-span het hulself ewe dapper van hul taak gekwyt en ’n algehele 5de plek uit 10 spanne in die C-liga verower.





Spesiale Toekennings en Erkennings
- Beste Vordering in die A-Span: Tiaan Janse van Vuuren
- Beste Vordering in die B-Span: Connor Swanepoel
- Spankaptein in die A-Span: Charl Badenhorst
- Spankaptein in die B-Span: Janriku Lamberts
- Beste Senior Tafeltennisspeler: LJ Malan
- Beste Junior Tafeltennisspeler: Herman Botha

Hierdie spelers se bydraes het nie net hul spanne sterker gemaak nie, maar ook die gees van tafeltennis by HTS John Vorster lewendig gehou.

’n Ryke Tradisie
Tafeltennis is reeds sedert 1998 deel van ons skool se sportaanbod. Elke jaar groei die belangstelling en prestasies, en 2025 se uitslae is ’n bewys dat die tradisie steeds sterker word.
HTS John Vorster is trots op al ons tafeltennisspelers en sien met groot verwagting uit na die nuwe uitdagings wat die A-liga in 2026 gaan bied!

# SPORT

**KAILENE WESSELS**



## SAGTEBAL

**Sagtebal groei van krag tot krag**

Mevrou Grobbelaar is reeds sedert 2021 die organiseerder van sagtebal by die skool en vir die afgelope vyf jaar het die sport ongelooflik gegroei en goeie resultate behaal.

Die eerste meisiespan presteer tans uitstekend en beklee die eerste plek in hulle liga. Die uitspele vind gedurende die eerste twee naweke van die vierde kwartaal plaas – 'n hoogtepunt waarna die span en ondersteuners met groot afwagting uitsien.

Verskeie leerders het vanjaar besonder goed presteer en hulle plek in die Noord-Gautengspanne verseker. Hierdie uitblinkers is Rilan Botha, Nathan Britz, Leonard Prinsloo, Ella-Mae Henning en Nicole Swart.

'n Interessante feit is dat die sagtebalspanne in 2024 aan 'n hoër liga deelgeneem het as in 2023. Tog het die dogterspanne steeds daarin geslaag om met twee spanne 3de uit 10 skole te eindig – 'n merkwaardige prestasie. Aan die seunskant is die skool een van slegs vier uit vyftien skole wat spelers in die Noord-Gautengspanne het. Verder neem die O/19B-seunspan gereeld die uitdaging aan om teen ander skole se eerstespanne mee te ding – en doen dit met trots en deursettingsvermoë.

Sagtebal het dus nie net 'n stewige vasskopplek by die skool gekry nie, maar is ook besig om jaar na jaar groter hoogtes te bereik.





## HENGEL



### Hengel by HTS John Vorster

Hierdie jaar is dié sport weer met groot sukses by die skool aangebied, en die span het puik presteer sedert die aanvang van die aktiwiteit.

Die hengelgroep het bestaan uit 6 spanne wat saamgestel is uit 20 seuns en 2 dogters. 'n Groot hoogtepunt vir die meisiespan was dat hulle genooi is om aan die Nasionale Skole-kompetisie deel te neem – beter bekend as die Champs of Champs.

'n Merkwaardige prestasie is dat JV se hengelspan 'n 85%-deelname aan die nasionale spanne gehad het. Dit is beslis iets om op trots te wees!

As 'n laaste bietjie "bragging rights" kan ons ook noem dat Ashley, een van ons hengeldogters, die swaarste vis van die seisoen uitgetrek het – 'n graskarp van maar net 5,23 kilogram!

# SPORT

**YOLANDRI BOSCH**



## SWEM

**HTS John Vorster se swemspan blink uit**

Juffrou Janelda Röntgen is tans in haar tweede jaar as organiseerder van die swem by HTS John Vorster. Sy vertel trots: "Dit is wonderlik om eerstehands te sien hoe die span groei – van die harde werk en dissipline in die oefensessies tot die spangees langs die swembad."

Die skool se swemspan het vanjaar besonder goed gevaar. Die seunspanne het 'n algehele tweede plek behaal, terwyl die skool as geheel derde in die C-liga geëindig het. Daarby het twee van ons leerders aan die provinsiale galas deelgeneem en puik presteer. Hierdie mylpale wys dat HTS John Vorster nie net deelneem nie, maar werklik kompeteer teen groot skole.

Ons het die voorreg gehad om uitmuntende swemmers in ons midde te hê. Liam du Toit het sterk presteer op provinsiale vlak, en sy toewyding en dissipline dien as 'n inspirasie vir sy spanmaats. Ella-Mae Henning het op haar beurt bewys dat meisies net so sterk kan deurbreek. Sy staan vir geen seun terug nie en wys keer op keer dat talent en deursettingsvermoë jou ver kan neem. Met haar selfvertroue en geesdrif het sy die skool ongelooflik trots gemaak deur ook op provinsiale vlak uit te blink.

By HTS John Vorster fokus swem nie net op wen nie, maar ook op groei en karakterbou. Die sport bied vir seuns én meisies 'n platform om hul talente te ontwikkel en hul drome uit te leef. Al is ons 'n kleiner skool, neem ons jaarliks deel teen groot skole soos Affies, Menlopark en Waterkloof. Hierdie uitdagings slyp nie net tegniese vaardighede nie, maar bou ook selfvertroue en karakter – binne én buite die swembad.

Ons is trots op ons span en die toekoms van swem by HTS John Vorster lyk blink!




## NETBAL







**Netbalprestasies**

Dit was vir juffrou Arushka van der Merwe 'n groot voorreg en sy sien baie uit daarna om deel te wees van JV se toekomstige groei en sukses in netbal.

HTS JV se netbalspanne het oor die algemeen baie goed presteer gedurende die afgelope seisoen. Die o.14A-span het 1ste uit 10 skole in die liga geëindig, terwyl die o.19B-span 2de geëindig het – albei dié spanne is dus aangewys as liga-wenners.

Die ander spanne het ook puik gevaar:
Die o.15A- en o.16A-spanne het 6de uit 10 geëindig.
Die o.17-span het 4de uit 10 geëindig.
Die o.19A-span (eerstes) het 'n sterk 2de plek behaal.

Daar was verskeie spelers wat gedurende die seisoen uitgestaan het. HTS John Vorster is beslis trots op hulle baie talentvolle netbalspelers!

'n Hoogtepunt van die jaar is dat Angeline Strydom (o.19A) – ook bekend as ons hoofmeisie vir 2025/2026 – deurgedring het na die Gauteng-netbalproewe. Die skoolgemeenskap is uiters trots op haar prestasie.

# SPORT

## YOLANDRI BOSCH



## RUGBY

### RUGBY BY HTS JOHN VORSTER: 'N SEISOEN VAN HOOGTE- EN LAERPUNTE





Onder mnr. Steyn se leiding het die sport oor die jare ongelooflik gegroei, en 2025 was geen uitsondering nie – al was dit 'n seisoen van gemengde resultate.

In 15-manrugby kon die spanne ongelukkig nie al hulle doelwitte bereik nie, maar daar was steeds tye van uitstaande spel en groot gees. Aan die ander kant het die 7's-seisoen besonder goed verloop – met albei ons 15's en 1ste span wat toernooie gewen het. Veral die 1ste span het met tye briljante 7's-rugby gespeel en die skool met trots verteenwoordig.

Wanneer gevra word watter leerders die meeste uitgestaan het, sê Mnr. Steyn nederig:
"As organiseerder is dit vir my onmoontlik om iemand uit te sonder. Dit is soos om van 'n pa te vra om tussen sy seuns te kies."



Een wedstryd wat egter besonders uitgestaan het, was die 1ste span se oorwinning teen Hoërskool Wagpos – 'n wedstryd wat lank deur almal onthou sal word.

'n Interessante feit oor HTS John Vorster se rugby, is dat die skool oor die jare verskeie provinsiale spelers opgelewer het. In rugbykringe word daar dikwels gesê:
"Om teen HTS John Vorster te speel, is altyd die hardste wedstryd van die jaar."

HTS John Vorster se rugby bly dus sinoniem met toewyding, trots en harde spel – waardes wat diep in die skool se sporttradisie ingebed is.








## FIETSRY

### BERGFIETSRY BY HTS JOHN VORSTER – 'N ROETE VOL UITDAGINGS EN SUKSES

HTS John Vorster is trots daarop om die enigste skool te wees met 'n eie bergfietsroete in 'n berg – en nie sommer enige roete nie! Dit word beskou as een van die mees uitdagende en tegniese roetes in die hele bergfietsligareeks.

Ons skool het al meer as sewe wedrenne as deel van die bergfietsliga aangebied, en elke jaar word die roete net beter. Die oorspronklike roete op die Magaliesberg agter die skool is deur Oom Heinrich Moldenhauer uitgelê. Vandag bou ons voort op sy nalatenskap saam met afrigter Lionel Scholtz en die Coaches Fitness Centre om die roete gereeld aan te pas en nóg meer uitdagend te maak.

Afrigter Lionel Scholtz is self 'n uitstaande sportman met provinsiale en nasionale kleure in Berg-, Pad- en Gravel-fietsry. Onder sy leiding het ons span ongelooflike hoogtes bereik. Hierdie jaar (2025) is dit reeds die derde keer wat ons skool genooi is om aan die Nasionale Kampioenskappe deel te neem – na vorige uitnodigings in 2019 en 2024.
Ons bergfietsprogram is een van die trotsste sportsoorte by die skool en het al twee keer die "Sportsoort van die Jaar"-toekenning ontvang. Hierdie jaar het ons selfs 'n nuwe uitdaging aangepak deur bergfietsry, swem en draf te kombineer in 'n driekamp (triathlon).

Vyf van ons matriekleerders – Xander Botha, Simon Lourens, Matthew Curtis, Michael Oosthuizen en Jonatan Walters – het saam met Juf Geyser, Juf Röntgen en Mnr Swart aan hierdie unieke geleentheid deelgeneem. Dit was 'n ongelooflike ervaring vir almal betrokke, en ons sien uit daarna om hierdie multisport-uitdaging in die toekoms verder uit te brei.

HTS John Vorster se bergfietsry bly 'n simbool van uithouvermoë, durf en spanpoging – en die Magaliesberg bly ons trots!

# GESELSIES MET JV`S

JUF. NADIA KNOESEN



## WIUM DU TOIT

**Wium du Toit trap tot bo!**

Wium du Toit, ’n graad 12-leerder, is nie net bekend vir sy glimlag en humor nie – hy is ook ’n uitmuntende fietsryer wat reeds groot hoogtes bereik het. Sy grootste prestasie tot dusver is om die Trailseeker-reeks algeheel te wen, ’n prestasie waarop hy met reg trots kan wees.




Wium het sy fietsryloopbaan in graad 8 begin, en sedertdien het sy passie vir die sport net sterker geword. Hy sê sy ouers en afrigter is sy grootste ondersteuners – hulle het hom deur dik en dun bygestaan, van vroeë oggend-oefeninge tot laatmiddagwedrenne.

Na matriek beplan Wium om ’n jaar af te vat om voluit op fietsry te fokus en te sien hoe ver sy talent hom kan neem. Sy lewensmotto is eenvoudig maar kragtig: “Gee jou beste.”




Wanneer hy nie op sy fiets is nie, geniet Wium dit om saam met vriende te lag en te kuier. Hy spot altyd dat pouse sy gunstelingvak is, maar erken met ’n glimlag dat hy eintlik LO ook baie geniet.
Aan sy mede-JV’s het hy hierdie boodskap:
“Werk hard; dan sal jy kom waar jy wil wees.”

Sy vriende beskryf hom as lojaal, vriendelik en altyd bereid om ander aan te moedig. Hy sê self: “Elke vriend het iets vir my beteken – hulle was daar in goeie én moeilike tye.”
HTS John Vorster is trots om so ’n toegewyde en inspirerende leerder soos Wium deel van hul skoolfamilie te hê.

# ONNIES

## MATRIEKAFSKEIDFOTO`S!



JUF. IZAAN POTGIETER

JUF. HESTER RIBBERINK



JUF. BIANCA DU PLESSIS EN
MNR. HENCO DU PLESSIS





JUF. ANÉL GROENEWALD




MNR. FRANCOIS STOLP

JUF. MELISSA LIEBENBERG






JUF. MARIKE GEYSER




JUF. INGE GROBBELAAR



MNR. ABRI BOOIJSE

# ONNIES

## MATRIEKAFSKEIDFOTO`S!



JUF. JANELDA RÖNTGEN



JUF. ELRI KOEN



JUF. SHALENE DIPPEL

JUF. ANIKA PRINSLOO





JUF. NATASHA KRUGER




JUF. MEGAN POTGIETER



MNR. MARTIN STEYN

MNR. PEET VAN DER WESTHUIZEN





MNR. RYNO DU PLESSIS

JUF. NADIA KNOESEN



# KULTUUR
## RICARDO MORTON



## SANGGROEP





**HTS John Vorster Sanggroep skitter in 2025**

HTS John Vorster se sanggroep het in 2025 'n jaar van musiek, groei en glans beleef. Onder leiding van hul toegewyde koorleier het die groep hul stemme gebruik om harte te raak en die skool se kultuurlewe te verryk.

**Meer as net musiek**
Elke repetisie was meer as net oefening – dit was 'n geleentheid vir persoonlike groei. Die sessies begin altyd met gebed, en word gekenmerk deur oorgawe, respek en 'n diep gevoel van verbondenheid. Vir hierdie sanggroep is musiek nie net klank nie – dis 'n taal van geloof, vreugde en gemeenskap.

**Leierskap en ontwikkeling**
Te danke aan 'n koorleier wat 'n veilige en kreatiewe ruimte geskep het, kon elke lid hul unieke stem ontwikkel. Deur optredes, stemopleiding en kreatiewe projekte het die sangers se selfvertroue gegroei en hul liefde vir musiek dieper geword.

**Dankie aan ons sanggroep**
Julle het 2025 'n jaar gemaak om te onthou. HTS John Vorster is trots op elkeen van julle. Mag julle aanhou sing, aanhou groei, en aanhou inspireer.

## REDENAARS

**REDENAARS BY HTS JOHN VORSTER**

Ons leerders het uitstekend presteer in beide interne en eksterne kompetisies.

By Radikale Redenaars het Danica de Meillon en Duncan Broodrjik (Gr. 9) elk 'n A-graad behaal, terwyl Esther Steenkamp (Gr. 8) vir haar Afrikaanse en Engelse poësie A+ ontvang het en deurgedring het na die finaal. Esther het ook by Conspirito vier itemwenners behaal in kuns, poësie en drama met punte tussen 90% en 97%.

By Oppi-Tong-Af het al ons deelnemers A- en A+-toekennings ontvang – 'n groot prestasie!

HTS John Vorster is trots op sy lang tradisie van uitstekende redenaars wat telkens ons skool met trots verteenwoordig.

# WEES BETER!

YOLANDRI BOSCH



**DIE GEVARE VAN DAGGA.**

# DAGGA IS GAGGA!

**Moenie jou brein en toekoms mors nie!**

## WAT DOEN DIT AAN JOU BREIN EN LIGGAAM?

- Dit maak jou geheue swakker
- Jy sukkel om te fokus
- Dit kan depressie en angs veroorsak
- Dit is skadelik vir jou longe en hart

## KOSTE VAN DAGGA

- Jy mors jou **geld** op iets wat jou siek maak
- Jy kan groot boetes kry of selfs tronk toe gaan

## HOEKOM GEBRUIK TIENERS DIT DAN?

- Groepsdruk
- Sosiale media invloed

## DAGGA STEEL JOU GESONDHEID EN DROME!

**Kies wys - sê NEE vir dagga!**

# DIGKUNS

## RUDOLPH SMIT



### PA EN DIE MNR

PA... PAPPA...
MNR VOSLOO...

WAAR IS PA NOU?
EK VRA DAAGLIKS IN MY HART.
“GOEIEMÔRE MNR, HOE GAAN DIT?”
“WAT DOEN ONS VANDAG?”
DIS DIE TIPE DINGE WAT EK SOU VRA... AS PA NOG HIER WAS.

MAAR PA HET "VAKANSIE" TOE GEGAAN.
EN DAAI DAG HET EK MY KINDWEES GELOS —
MOES EK VINNIG GROOTWORD,
MOES EK STERK WEES SONDER ‘N HAND OM VAS TE HOU,
MOES EK LEER HUIL IN STILTE.

SES JAAR LATER...
DIE SEER SIT NOG STIL IN MY BORS,
SOOS ‘N KOUE WIND WAT NIE WIL OPHOU WAAI NIE.
EK MIS PA.
EN NIEMAND, NIEMAND KAN DAAI LEEMTE VUL NIE.

EK SÊ ALTYD VIR MY VRIENDE EK’S JALOERS,
WANT HULLE HET IETS WAT EK NIE MEER HET NIE:
’N PA WAT HULLE KAN BEL,
’N PA WAT HULLE KAN IRRITEER,
’N PA WAT DAAR IS.

EN WEET PA WAT’S DIE ERGSTE?
SOMS SIEN EK HULLE MORS DAARDIE TYD –
HULLE IS ONGESKIK, AFWESIG, ONDANKBAAR...
EN EK WENS EK KON HULLE WYS
HOE KOSBAAR ’N PA IS.
EK WENS EK KON HULLE LEER...
WANT EK WEET NOU.

EK HET PA NIE ALTYD VERSTAAN NIE.
EK WAS KWAAD,
WANT PA WAS STRENG, STIL, ERNSTIG.
MAAR EK VERSTAAN NOU:
PA HET PYN GEDRA WAT EK NIE GESIEN HET NIE,
LAS GEHOU WAT EK NIE VERSTAAN HET NIE.
PA HET GEWERK, GEWORSTEL,

EN STEEDS MY PROBEER GROOTMAAK.

EN NOU... AS EK WIL BEL VIR HULP,
WIL VRA: “PA, WAT NOU?”
... DAN ONTHOU EK:
PA IS OP VAKANSIE.
PA SE FOON IS AF.
DAAR IS GEEN SEIN OP DAAI EILAND NIE.

TOE KRY EK MNR.
MNR . VOSLOO
MNR . EUGENE VOSLOO
MNR . OOIGEN

MNR, EK HET EERS GEDINK MNR IS MAAR NET NOG ’N STRENG OUTOP
MET ’N SWEISMASJIEN EN N FIAT.
’N MNR WAT PRAAT VAN REGUIT WERK EN STAAL.
MAAR TOE BEGIN EK LUISTER.
TOE BEGIN EK TYD SPANDEER SAAM MET MNR.
TOE SIEN EK... MNR IS MEER.
MNR HET NIE PROBEER OM MY PA TE WEES NIE,

MAAR MNR HET MY GEHELP SOOS ’N PA SOU.

MNR HET MY BEGIN SLYP.
MY BEGIN VORM.

MNR’T NIE NET METAAL GELAS NIE –
MNR HET MY GEHEG,
MY KRAKE TOE GESWEIS,
MY GEHELP OM NIE TE BREEK NIE,
MAAR TE LEER HOE OM TE BUIG EN WEER REGOP TE KOM.

EK GEE NIE OM WAT ANDER SÊ OF DINK NIE –
HULLE KAN MAAR DINK DIS VREEMD DAT EK EERDER BY MNR WIL WEES AS BY MY VRIENDE,
OF DAT EK MY VAKANSIES EERDER SAAM MNR WIL SPANDEER,
WANT HULLE WEET NIE HOE DIT VOEL
OM NIE ’N PA TE HÊ NIE.
HULLE WEET NIE HOE DIT VOEL
OM TE WENS IEMAND SOU NET DAAR WEES...
EN DAN IS MNR DAAR.
MNR IS NIE NET ‘N ONDERWYSER NIE,
NIE NET ‘N SWEISER NIE,
NIE NET ‘N MAN MET ‘N FIAT NIE.
MNR IS VIR MY ’N PAFIGUUR –
’N MENTOR,
’N SKANS TEEN DIE WÊRELD,
’N STEM VAN WAARHEID WANNEER EK WIL VLUG,
’N ANKER.

MNR HET MY NIE NET STERKER GEMAAK NIE –
MNR HET MY REG GEMAAK.
EK WAS SOOS SAGTE STAAL,
MAKLIK STOMP, MAKLIK GEBUIG,
MAAR MNR HET MY VERHIT,
GEBIND,
GESLYP,
EN NOU’S EK ’N LEM WAT SNY –
PRESIES, REGUIT, FERM.

EK KYK TERUG EN DINK:
AS PA NIE OP VAKANSIE GEGAAN HET NIE...
DAN SOU DIT DALK SO GELYK HET.
SOOS DIT NOU LYK, MET MNR.
’N PA WAT NIE NET BOU NIE,
MAAR VERSTERK.
NIE NET SÊ NIE,
MAAR WYS.

DANKIE MNR.
MNR’T MY GEHELP TOE EK MYSELF NIE MEER KON DRA NIE.
MNR’T MY GEHELP OM MENSE TE LAAT GAAN WAT MY SEERMAAK,
MY GELEER OM OP TE STAAN,
OM “NEE” TE SÊ,
EN OM MY EIE WAARDE TE SIEN,
.

EK DINK NOGSTEEDS,
MNR VERSTAAN NIE,
WAT MNR VIR MY BETEKEN NIE.

LAAT EK DIT SO STEL...

EK KAN AL MY VRIENDE VERLOOR,
MAAR SOLANK AS WAT MNR DAAR IS,
GEE EK NIE IN NIE,
EK GEE NIE OP NIE.

JA MNR SE VAKANSIE IS OPAD,
NES MYNE,
EK SAL MOET VREDE MAAK DAT,
EK MNR OOK GAAN MOET AFSTAAN,
EN DIT MAAK SEER.

MAAR EK SAL DAAR DEUR SNY,
MET DAAI SELFDE LEM WAT MNR,
VERHARD HET,
GETEMPER HET,
GESLYP HET.

PA AS EK EEN IETS KON LEER,
UIT PA SE AFSTERWE IS DAT:
WAARDEUR DIE WAT NABY AAN JOU IS,
WANT EERS AS HULLE WEG IS,
VERSTAAN ONS WAT ONS,
VERLOOR HET.

EK SAL MNR NOOIT VERGEET NIE.
EK’S ALTYD DANKBAAR.
EN PA...
AS PA MY NOU KON SIEN –
EK’S AMPER KLAAR MET SKOOL,
EK’S STERKER,
EK’S MEER.
DANKIE PA,
MAAR OOK...
DANKIE MNR VOSLOO –
MY TWEEDE PA.






**ESTHER STEENKAMP 8/306**

# “PHOTO RECREATE”




AFLOSSPAN 1986



o/17-AFLOSSPAN 2025

KAILENE WESSELS

